

**Donderdag 10 Augustus**  
**Skrifgedeelte: Jesaja 43: 1-8**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 43:1**

**Wat beteken jou doop vir jou? God ken jou op jou naam en Hy lei jou deur  
jou lewe**

Die volk Israel beleef 'n baie moeilike tyd in ballingskap. Daar gebeur dinge wat hulle benoud en bang maak en daarom stuur God vir Jesaja om hulle te bemoedig. Die Here herinner Israel dat Hy hulle sal red en dat hulle nie bang moet wees nie.

God bemoedig ons egter nie op 'n afstand nie, maar op 'n baie persoonlike en intieme vlak. Die Here ken sy kinders persoonlik by die naam en leef persoonlik met elkeen mee. Wat 'n heerlike belofte is dit nie wat ons reeds by ons doop ontvang nie! Die doop is 'n persoonlike ontmoeting met God waar die grote God klein kindertjies by die naam noem en Homself aan hulle ver-bind.

Die Here ken my egter nie net persoonlik nie, Hy leef ook persoonlik met my mee. Die verbond wat God met sy kinders sluit, duur vir ewig en daarom kan ek seker wees dat God altyd by my sal wees en my sal lei. Ook deur die moeilike tye van my lewe – wanneer ek deur vuur en water moet gaan! Die doop is my versekering dat God my deur beproewinge heen lei en dat Hy my sal dra.

Hierdie beloftes van die Here berus op sy liefde vir my. 'n Liefde so groot dat Hy in die geval van Israel ander volke in hulle plek laat sterf het. Sy liefde vir my is so groot dat Hy Christus Jesus in my plek laat sterf het sodat ek kan deel in die verbondsbeloftes van God. Ons is vir Hom so kosbaar dat Hy bereid was om die duurste prys vir ons te betaal.

Wanneer jy dan bang of bekommerd raak, dink terug aan die feit dat jy gedoop is, dat God jou by jou naam geroep het en dat Hy toe reeds beloof het dat Hy jou op jou lewenspad sal lei – ook deur donker dieptes van beproewing. Gryp dan met geloofsvertroue vas aan die betekenis van jou doop en skep moed! God ken jou, God loop saam met jou en God is lief vir jou!

*Sing: Skrifberyming 11–2:1, 2*

*Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)*